# Hillcrest High School

Graad 11

## AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1

JUNIE 2025

**PUNTE:** 80

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. S. Strydom

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed deur.**

3. **Beantwoord AL die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

   **Me. Strydom, Middleton, Henderson, Wessels of Papé**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A:  LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A:  ARTIKEL**

**Troeteldiere / ‘n Stappie in die dag laat die dokter wag.**

30 Januarie 2025

Mizanne Hattingh



1. Moedeloosheid mag jou dalk beetpak as jy dink dat jy na ‘n lang dag se werk saam met jou vierpotige kinders om die blok moet gaan stap, maar dié aktiwiteit kan wondere vir jou en jou hond se gesondheid verrig.

2. “Stap saam met jou hond”-maand word elke jaar in Januarie gevier, en dié jaar val die kollig veral op die gesamentlike voordele wat só ‘n staptog vir jou en jou honde kan inhou.

3. “Stap is ‘n uitstekende vorm van kardiovaskulêre oefening vir honde, want dit help hulle om ‘n gesonde gewig te behou, bevorder mobiliteit en verminder die risiko van vetsugverwante siektes, sê prof. Johan Schoeman, hoof van die departement van kliniese studies oor metgeselhonde (companion dogs) aan die Universiteit van Pretoria.

4. “Vir energieke rasse kan ‘n goeie staptog ekstra energie verbrand, wat verveling en verwoestende gedrag verminder.”

5. Hy sê verder om te stap is ‘n maklike, lae-impak manier van oefen vir mense.

6. “Dit help om jou kardiovaskulêre gesondheid te verbeter, ondersteun gewigsbestuur en kan stresvlakke verlaag.  Om buite te stap, stel jou bloot aan vars lug en sonlig, wat jou gemoedstoestand (state of mind) kan verbeter én jou algemene welstand en vitamine D-vlakke ‘n hupstoot kan gee.  Boonop is dit ‘n wonderlike manier om aktief te bly, sonder lidmaatskap by ‘n gimnasium, of strawwe oefensessies.

7. Die meeste honde moet minstens een keer per dag ‘n stappie om die blok kry, hoewel meer aktiewe honde dalk meer stapsessies benodig om van hul energie ontslae te raak.

8. ‘n Staptog is ook ‘n goeie vorm van stimulasie vir honde, aangesien hulle die geleentheid kry om nuwe dinge te sien, ruik en beleef.

9. “Om gereeld met jou viervoetige vriend te gaan stap, stel hulle bloot aan ander honde en mense, wat sosialisering bevorder.  Dit is veral belangrik vir hondjies en jong honde, maar dit is voordelig vir honde van alle ouderdomme,” sê Schoeman.

10. ‘n Goed gesosialiseerde hond is dikwels meer ontspanne in verskillende omgewings, wat die kans op vrees of aggressiewe gedrag verminder.

11. “Deur ‘n daaglikse staproetine te vestig, gee jy ook struktuur en dissipline aan jou oefenprogram.  Honde floreer op roetine, en gereelde staptogte help om hul gedrag en energievlakke te reguleer, wat lei tot ‘n rustiger, gelukkiger troeteldier.

12. Om met jou hond te gaan stap, is meer as net ‘n daaglikse taak – dit is ‘n verrykende ervaring vir jou en jou troeteldier.  Dit bied fisieke oefening, geestelike stimulasie en emosionele voordele, terwyl dit ook julle band versterk,” verduidelik hy.

**Wenke vir jou staptog saam met Wagter.**

- Mik om daagliks 30 minute saam met jou hond of honde te stap.
- Hou jou hond se leiband aan.  Selfs al is jou hond gehoorsaam, kan daar moontlik ander honde in die buurt wees wat nie dieselfde maniere het nie.
- Hou ‘n oog op jou hond wanneer daar kinders in die omtrek is.
- Vermy ‘n staptog wanneer dit te warm is.
- Maak seker dat jy jou hond genoeg water voor en ná die staptog drink.  Vat ook water saam.
- Dra ‘n sakkie by jou vir wanneer die nood druk, en jou hond ‘n geskenkie vir die bure agterlaat

Bron: effens verwerk uit: https://maroelamedia.co.za/leefstyl/troeteldiere/troeteldiere-n-stappie-n-dag-laat-die-dokter-wag/

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1. VOLTOOI die sin hieronder deur woorde uit paragraaf 1 in te vul.

Hierdie artikel moedig jou aan om saam met jou (1.1.1.) ____________ te gaan (1.1.2.) _____________. (2)

1.2. Wanneer vind "Stap saam met jou hond"-maand in Suid-Afrika plaas? (1)

1.3. Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE in paragraaf 2 dui aan dat dit 'n positiewe ding is vir jou en jou hond om saam te stap? (1)

1.4. Noem TWEE voordele wat stap vir 'n hond bied. (paragraaf 3). (2)

1.5. Waar werk professor Johan Schoeman? (1)

1.6. Hoekom help dit energieke honde om te gaan stap? (1)

1.7. Waaruit lei ons af dat stap help om 'n mens se hart gesond te hou ? (1)

1.8. Dit is kos geld om by 'n gimnasium aan te sluit.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.9. Dink jy dit maak saak waar 'n mens met jou hond gaan stap? Ja/Nee? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.10. Noem twee sintuie wat vir honde gestimuleer word as hulle gaan stap. (2)

1.11. Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 9 aan wat 'n sinoniem is vir "hond". (1)

1.12. Kyk na paragraaf 9.

Wat beteken "sosialisering" vir honde?

Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die vraagnommer en die LETTER neer.

A. Honde moet leer om ander honde te jaag as hulle op hul werf kom.
B. Honde moet hul eienaars liefhê omdat hulle die honde voer.
C. Honde moet leer om met ander mense en honde oor die weg te kom.
D. Honde moet leer om hul "besigheid" buite in die tuin te doen. (1)

1.13. Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A-E) langs die vraagnommers (1.13.1-1.13.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.13.1. Mense wat buite stap.<br><br>1.13.2. Honde wat gereeld met hul eienaars stap.<br><br>1.13.3. Party honde het baie energie.<br><br>1.13.4. Wanneer jy met jou hond stap. | A. Hierdie honde word makliker verveeld as rustiger honde.<br><br>B. Hierdie mense se algemene welstand word verbeter.<br><br>C. Party honde laat ‘n geskenkie vir die bure.<br><br>D. Hierdie honde en hul base het ‘n sterker band.<br><br>E. Hierdie honde ontmoet ander honde en mense. |

(4X1) (4)

1.14. Wat, volgens die teks, dra by tot die struktuur en dissipline van jou oefenprogram? (1)

1.15. **Kyk weer na die wenke vir jou staptog saam met Wagter.**

1.15.1. Wie/wat dink jy, is Wagter? (1)

1.15.2. Hoe lank word daar aanbeveel moet jy elke dag met jou hond stap? (1)

1.15.3. Wat noem ons die item wat ons om ons honde se nekke vasmaak wanneer ons met hulle gaan stap? (1)

1.15.4. Noem 1 moontlike rede waarom jy jou hond moet dophou wanneer daar kinders in die omtrek is. (1)

**(24)**


**TEKS B**

Bestudeer die grafiese teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg

## GRAFIKA: Talle Suid-Afrikaners het geen geld vir kos nie

26 April 2020
Christiaan du Plessis

Omtrent een uit elke vier Suid-Afrikaners het nie in die staat van inperking, tydens Covid, geld vir kos gehad nie, terwyl 45% tot 63% van mense in die land gesukkel het om hulle rekeninge te betaal.




Bron effens verwerk: https://www.netwerk24.com/netwerk24/grafika-talle-saners-het-geen-geld-vir-kos-nie-20200426

1.16. Gee die naam van die webwerf wat die bron van hierdie grafiek verskaf het. (1)

1.17. Verskaf die datum toe hierdie grafiek gepubliseer is. (1)

1.18. Gedurende watter pandemie is hierdie grafiek gepubliseer? (1)

1.19. Watter persentasie mense kon glad nie bekostig om kos te koop nie? (1)

1.20. Watter tipe vervoer is deur 15% van die mense gebruik om by die winkels te kom? (1)

1.21. Kyk na die middel van die prent. Wat noem ons die twee items, langs die bord, waarmee ons eet? (1)

**(6)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2: WAAROM DIT GOED IS OM JOU EIE GROENTETUIN TE MAAK**

**INSTRUKSIES**

1.Som in SEWE VOLSIINE op waarom dit goed is om jou eie groentetuin te maak.
2.Skryf die volsinne puntsgewys neer.
3.Nommer volsinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van jou opsomming nie.

**WAAROM DIT GOED IS OM JOU EIE GROENTETUIN TE MAAK**

Ons leef in ‘n gejaagde wêreld. Dit veroorsaak dat mense gestres is. Dit is goed om iets te doen wat vir jou lekker is. Om jou eie groentetuin te maak sal jou rustig maak.

Die meeste groente in die winkels word gepluk en in pakhuise gestoor totdat mense dit koop. Dan is hierdie groente nie meer vars nie. Groente uit jou eie tuin is altyd vars.

Groente in supermarkte word in klein pakkies verpak en is duur. Groente uit jou eie tuin sal jou minder kos. Die geld wat jy só spaar, kan vir ander belangrike dinge gebruik word.

Party van die groente wat in winkels verkoop word, is met gevaarlike gifstowwe teen insekte gespuit. Hierdie middels is sleg vir jou. In jou eie tuin kan jy natuurlike middels teen insekte gebruik.

Daar kom soms siektes soos salmonella voor in die groente wat ons by winkels koop. Groente uit jou eie tuin verminder die kans dat jy siektes kry.

Oefening is belangrik vir jou gesondheid. Dit laat jou goed voel. Dit is goeie oefening om in die tuin te werk.

Ons is lang tye binne in die huis. Wanneer jy tuinmaak, is jy in die buitelug. Dit is goed vir jou.


(10)

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




(Verwerk uit Facebook.com)

3.1. Hoe weet ons dat die kinders bly is dat dit etenstyd is? (1)

3.2. “...maak van jou ‘n ster”.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Die woord “ster” in die bostaande uittreksel word (denotatief/konnotatief) gebruik. (1)

3.3. Noem TWEE tegnieke wat die adverteerder gebruik om die leser se aandag na die produk te trek. (2)

3.4. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.4.) en die antwoord (A-D) neer.

Die agtergrond van die advertensie pas goed by die produk wat geadverteer word, want...

A dit lyk soos ‘n plaas.
B dit laat die leser rustig voel.
C dit maak die advertensie mooi.
D die produk word van mielies gemaak. (1)

3.5. Hoe weet ons dat “Skyn soos ‘n wit ster” ‘n liedjie is? (1)

3.6. Skryf die AFKORTING “kg” as ‘n woord. (1)

3.7. “Kontak Pioneer Foods as jy meer wil weet.”

Watter belangrike inligting word NIE hier vir die leser gegee nie? (1)

3.8. Skryf die sin oor en maak die SPELFOUT reg.


afrika se beste kos! (1)

3.9. Noem die bron van hierdie advertensie. (1)

**(10)**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




4.1. Kyk na RAAMPIE 1.

4.1.1. Hoe weet ons dat Ma en Jeremy nie saggies met mekaar praat nie? Noem 1 feit. (1)

4.1.2. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

As Jeremy so met sy duim na homself wys, sê dit vir ons dat hy (saamstem met wat sy ma sê / teen sy ma praat) (1)

4.2. Kyk na RAAMPIE 2.

4.2.1. Hoe word die woord "Nee" in ma se spraakborrel beklemtoon? (1)

4.2.2. Ma sê: "Ek het klaar gepraat."

Wat doen Jeremy se ma om dit vir hom te WYS? (1)

4.2.3. Skryf Ma se sin in die INDIREKTE REDE oor.

Ma sê: "Ek het klaar gepraat." (1)

4.3. In RAAMPIE 3 vra Ma: "Wil jy nie jou huiswerk gaan doen nie?"

Verander die sin na 'n BEVELSIN. (Command)

**Begin so**: Gaan... (1)

4.4. Kyk na RAAMPIE 4.

4.4.1. "(Ag nee!/Siestog!), hulle baklei al weer."

Watter UITROEP pas die beste om te wys dat Pa nie daarvan hou nie? (1)

4.5. Voltooi die sin hieronder deur die KORREKTE VOORSETSEL in te vul.
Skryf net die vraagnommer en die WOORD neer.

Dit is duidelik dat Ma baie kwaad is _____ Jeremy. (1)

4.6. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi.
Skryf net die vraagnommer en die LETTER neer.

"Nou gaan Jeremy die hele naweek weer dikbek wees." (RAAMPIE 4)

Hiermee bedoel Pa dat Jeremy...

A baie kos gaan eet.
B baie kwaad gaan wees.
C se mond baie seer gaan wees.
D se mond opgeswel gaan wees. (1)

4.7. Hoe word ma's en tieners se verhoudings in hierdie strokiesprent gestereotipeer? (1)

**(10)**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1.

## My seun speel (5.1.1.) <u>soccer</u>

In die koue maande staan ek byna elke Saterdag douvoordag iewers in die Kaap langs 'n sokkerveld. Dis 'n stryd om op naweke voor sonsopkoms uit die bed te sukkel. Die kinders in sy klub kom almal van verskillende (5.1.2) (skool) en almal praat verskillende tale. Hulle almal lag almal vir dieselfde seuntjiegoed, vergeet om hulle veters vas te maak en wil die ander span klop. Wanneer hulle speel, is hulle so dapper soos (5.1.3)_________ .

Vir my is die (5.1.4.) (mooi) oomblik wanneer die outjies ná die wedstryd om hul afrigter saamdrom. (5.1.6.) Dan hoor ek hoe preek hy oor dissipline en taktiek voordat hy oor elke seuntjie se koppie vee of hom op die rug klap.

Onlangs ry drie seuntjies saam met ons. Hulle deel koekies uit, die suiker maak hulle natuurlik 5.1.7.(lewendig) en praat oor Lionel Messi. Daai wedstryd het hulle gewen. Toe ons een outjie 'n (5.1.9.) (doel) aanteken, het hy oor die veld gehardloop en langs die kantlyn op sy knieë gaan neersak, met sy spanmaats al jubelend agterna. Nes hulle hul helde op die (5.1.13) (televisie) sien doen.

Deesdae gil ek sommer kliphard die sokkeropdragte soos: "Down the line!" en: "Use the box!" En dan kyk ek hoe daardie bal oor die veld vlieg van seuntjie na seuntjie – elkeen op sy pos, met die onblusbare geloof dat 'n wen altyd wink.

**Yvonne**
Redakteur

Bron: verwerk uit Huisgenoot 24 Augustus 2023

5.1.1. Verbeter die SPELLING van die onderstreepte word.

My seun speel <u>soccer.</u> (1)

5.1.2. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die kinders in sy klub kom almal van verskillende (skool) en almal praat verskillende tale. (1)

5.1.3. Voltooi die VERGELYKING in die sin.

Wanneer hulle speel, is hulle so dapper soos _________. (1)

5.1.4. Gee die OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Vir my is die (mooi) oomblik wanneer die outjies ná die wedstryd om hul afrigter saamdrom. (1)

5.1.5. Stel 'n VRAAG sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

Die sport ma's moet <u>voor sonsopkoms</u> opstaan. (1)

5.1.6. Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Dan hoor ek hoe preek hy oor dissipline en taktiek. (1)

5.1.7. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Hulle deel koekies uit, die suiker maak hulle natuurlik 5.1.7. (lewendig) en praat oor Lionel Messi. (1)

5.1.8. Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Die span het al 'n wedstryd gewen. (1)

5.1.9. Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies <u>in 'n sin van jou eie</u>, wat duidelik die ander betekenis van die woord wys.

Toe ons een outjie 'n (doel) aanteken, het hy oor die veld gehardloop en langs die kantlyn op sy knieë gaan neersak, met sy spanmaats al jubelend agterna. (1)

5.1.10. Verbind die onderstaande sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die seuns vier die doel. Hulle sokkerhelde doen dit so. (omdat) (1)

5.1.11. Skryf die onderstaande sin oor in die LYDENDE VORM.

Die seuns speel elke Saterdag 'n wedstryd. (1)

5.1.12. Skryf die onderstaande sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ma sê: "Ek geniet die gees by die wedstryde." (1)

5.1.13. Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE.

Nes hulle hul helde op die (televisie) sien doen. (1)

5.1.14. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Yvonne (verniet/geniet) dit om die kinders te ondersteun. (1)

**(14)**

5.2. Kyk na die prent hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



5.2.1. Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die seun gaan ‘n klein (boom) plant. (1)

5.2.2. Sê of die onderstreepte woord in die sin hieronder DENOTATIEF of KONNOTATIEF gebruik word.

Die kinders in hierdie prent lei ‘n <u>groen</u> leefstyl. (1)

5.2.3. Skryf die sin hieronder oor in die TOEKOMENDE TYD.

Hierdie kinders is die leiers van die toekoms. (1)

5.2.4. Vul die korrekte VOORSETSEL in om die sin te voltooi.

Hierdie kinders is bekommerd _______ klimaatverandering. (1)

5.2.5. Noem die ITEM KLERE.

Ons kan sien dat die seun wat die sonkragpaneel dra koud kry omdat hy ‘n ___________ dra. (1)

5.2.6. Skryf die onderstaande sin oor, begin soos aangedui.

Ons moet ander kragbronne gebruik.

Ons behoort... (1)

**(6)**

**TOTAAL AFDELING C:40**

**GROOTOTAAL: 80**